Swak leierskap ál groter uitdaging vir Christene

Treffer-gids vir Christen-leiers 'n noodsaaklike bron

Leierskap in Suid-Afrika is op talle vlakke 'n probleem. Die uitdagings aan geestelike leiers raak as gevolg hiervan ál hoe intenser. Hierdie boek, wat reeds in 2008 verskyn het, het nog niks van sy toepaslikheid verloor nie. Elke hoofstuk, toegerus met gespreksvrae en al aan die einde, bevestig dit.

Inhoudsopgawe

1. **Wat het van ons geestelike leiers geword?**

Hulle is belangrik, want hulle skep 'n ruimte waarbinne gemeenskappe en individue floreer
– Braam Hanekom

2. **Is daar 'n verskil tussen leierskap en geestelike leierskap?**

Geestelike leiers weet onwrikbaar dat God sy hand op hulle skouer gesit het
– Braam Hanekom

3. **Geestelike leiers word voorberei en geroep**

Hulle word eerstens geroep om te luister en dan om te dien
– Pieter van Niekerk

4. **Geestelike leiers word gedryf deur liefde**

Hulle plaas 'n buitengewoon hoë premie op verhoudings
– Leon Foot

5. **Geestelike leiers verstaan die belang van heiligmaking**

Hulle het 'n nuwe posisie in Jesus Christus
– Johan van Schalkwyk

6. **Geestelike leiers word geseën met 'n visie**

Die nood van die wêreld word hulle passie en laat ontluik hulle gawes
– Elize Morkel en Michelle Boonzaaier

7. **Geestelike leiers kan die werklikheid definieer**

Ulle sien dinge in perspektief en verstaan die werklike nood van die wêreld
– De la Harpe le Roux

8. **Geestelike leiers is konsekwent voetewassers**

Hulle hanteer mag anders en hulle koester diens
– Nelus Niemandt

9. **Geestelike leiers leef uit en met genade**

Hulle leef met deernis en sensitiwiteit
– Leon Foot

10. **Geestelike leiers verstaan waar hulle krag vandaan kom**

Hulle is verbruikers van genade, maar geleiers van krag!
– Stephan Joubert

11. **Geestelike leiers wandel met God**

Hulle sien god raak waar ander nie kan nie
– Ronél Meylahn

12. **Geestelike leiers bid**

Hulle verstaan die krag en dinamika van gebed
– Chris Jones

13. **Geestelike leiers soek om mense by elke geleentheid te bemagtig**

Hulle is voortdurend besig om ander leiers op te lei en voel nie bedreig nie
– De la Harpe le Roux

14. **Geestelike leiers koester hulle integriteit**

Hulle waardigheid lê nie in 'n titel of aansien nie, maar in hulle lewenswyse
– Pieter van Niekerk

15. **Geestelike leiers sorg vir sabbatstyd**

Hulle verstaan hoe belangrik en heilig hulle liggaam is
– Jannie le Roux

16. **Geestelike leiers lei vergaderings op 'n besonderse manier**

Hulle skep geestelike ruimtes waar mense anders praat en dink
– Frederick Marais

17. **Geestelike leiers verstaan die belang van goeie bestuur**

Hulle is verantwoordelik en verantwoordbaar
– Arnold Smit



Blaai om vir die spesiale winskoop vir *Kruisgewys*-lesers

18. **Geestelike leiers dink strategies**

Hulle is skerp soos slange én opreg soos duiwe
– Jannie le Roux

19. **Geestelike leiers kan verandering bestuur**

Hulle verstaan die kompleksiteit en reëls van veranderingsbestuur en is gewillig om die uitdaging te aanvaar
– Nelus Niemandt

20. **Geestelike leiers is vredemakers en brugbouers**

Hulle bestuur konflik en diversiteit
– Ronél Meylahn

Geestelike leiers verstaan die belang van goeie bestuur

Arnold Smit

Tans word daar na bestuur binne spesifieke organisatoriese dissiplines verwys, byvoorbeeld "menslike-hulpbronbestuur", "produksiebestuur", "bemarkingsbestuur", "finansiële bestuur", "eiendomsbestuur", "informasiebestuur", "strategiese bestuur" en "risikobestuur".

Alle organisasies word op die een of ander manier deur hierdie ontwikkelings geraak; die kerk ook. Alle organisasies vertoon al hierdie aspekte wat in die ontwikkeling van die bestuurswetenskap nou al so gesofistikeerd beskryf en ontwikkel is; die kerk ook.

Dit is insiggewend om in gesprekke oor gemeentebestuur te luister hoe gemeenteleiers soms die bogenoemde betekenisvelde na die gemeente oordra, gebaseer op die argument dat die kerk 'n besigheid is wat soos ander besighede bestuur behoort te word. Sulke kennis is nie vir die kerk nutteloos nie, maar al hierdie invalshoeke uit die sakewêreld kan nie voetstoots op die kerk oorgedra word nie. Ons sal fyn moet sif op soek na dít wat geestelike leiers regtig sal help om hulle bestuursverantwoordelikheid beter te verstaan en uit te voer.

Die punt wat ek wil oordra, is dit: Geestelike leiers moet tussen organisasie en beweging kan onderskei, en moet verstaan dat die gemeente as God se huishouding meer soos 'n beweging en minder soos 'n organisasie behoort te wees. Organisasie roep beelde op van 'n huishouding waarin sekuriteit, stabiliteit, voorspelbaarheid en kontroleerbaarheid voorkeur geniet. Beweging roep beelde op van 'n huishouding waarin beweeglikheid, aanpasbaarheid en voorlopigheid voorkeur geniet. Daar is wel baie aspekte van organisasie in die gemeentelike huishouding aanwesig, maar in die geheel gesien behoort dit soos 'n beweging – soos 'n huishouding op pad – gesien en bestuur te word.

Dit is aangenaam as 'n huishouding goed georganiseer en aan die kant is, maar dit is veel belangriker dat daar gesonde verhoudings is wat energie genereer vir inskakeling en deelname. Die Nuwe Testament gebruik veral die begrip "mekaar" om hierdie faset van die gemeentelike lewe te belig.

Daar is talle voorbeelde van die sogenaamde mekaar-tekste, maar Kolossense 3:12-17 is waarskynlik die mees gekonsentreerde beskrywing van hierdie soort gemeenskap waarin die gehalte van onderlinge verhoudings die energie vir die nuwe lewe in Christus verskaf. Sulke verhoudings word gekenmerk deur deugde soos meelewing, goedgesindheid, sagmoedigheid, verdraagsaamheid, geduld, vergifnis, liefde en wedersydse lering en onderrig.

Die punt wat ek wil stel, is dit: Energie vir bediening word gegenereer in verhoudings, nie in strukture nie. Die praktyk van gemeentebestuur vertel egter 'n ander verhaal, naamlik dat strukture prioriteit geniet bo verhoudings en dat verhouding dikwels aandag kry eers wanneer ontevredenheid en konflik kop uitsteek. Hoe weet ons dit? Die agendas en die bestuur van vergaderings verraai leiers se prioriteite. Agendas toon wat vir leiers belangrik is, waaraan hulle tyd spandeer, wat hulle glo vir die gemeente goed is. En dikwels is die agendas van gemeentelike vergaderings ingestel op strukturele effektiwiteit eerder as op die gehalte en versorging van verhoudings in die gemeente as huishouding.

Goeie gemeentebestuur is in die eerste plek verhoudingsbestuur. Waar verhoudingsbestuur geluk, ontstaan daar toepaslike strukture vir relevante bediening. Dit werk selde andersom.

- *Dr Arnold Smit is sedert 2010 verbonde aan die Universiteit Stellenbosch se sakeskool.*

Aanpasbare kerk

Nelus Niemandt

Die tye waarin ons leef, vra 'n heel nuwe benadering tot kerkwees. Thomas Bandy praat van 'n aanpasbare kerk. So 'n kerk is anders as die herder/kudde-kerk en familiekerk waaraan ons so gewoond is. Dit verskil ook van die programgedrewe kerke wat ons goed in die groot megakerkbeweging leer ken het. Dit help dalk om kortliks stil te staan by enkele eienskappe van aanpasbare kerke:

Veranderingsbestuur – aanpasbare kerke is ten diepste op transformasie gerig. Hulle is gemaklik met verandering en stel nie die slagordes op om elke denkbare verandering te weerstaan nie. Dit gaan vir sulke kerke om 'n kultuurverandering, sodat gemeentes nie as organisasies verstaan word nie maar eerder as kulturele sisteme wat op die diepste vlak denkbaar verander. Sulke kerke ag 'n lewe van dissipelskap as uiters belangrik en wil mense graag help en begelei om op 'n baie diep vlak te verander en nuut te leef. Waar party kerke dalk baie aandag aan die versorging van bestaande gelowiges sal gee en ander intens betrokke by die nood van die wêreld is, gaan dit vir hierdie kerke oor mense wat moet verander sodat die wêreld uiteindelik kan verander.

Dissipelskap – aanpasbare kerke is daarop gefokus om mense se lewe te verander. Dissipels is mense wat diep bewus is van hulle roeping, bereid is om te verander en entoesiasties is om saam met ander toegerus te word sodat hulle die dinge waarop dit aankom, kan onderskei.

Leierskap – die beste manier om mense te help verander is om hulle te lei. Aanpasbare kerke slaan leierskap, veral mentorskap, baie hoog aan. Die manier waarop mense gelei word, is veral deur verhoudings te bou en as mentor 'n rolmodel te wees.

Bemagtiging – dissipels is veranderde mense wat self in staat is om by elke nuwe uitdaging en elke nuwe situasie aan te pas, asook om die Woord daarop toe te pas.

Deel van God se sending – aanpasbare kerke fokus sterk op deelname aan God se sending na die wêreld. Dit gaan nie meer om groei in getalle of om oorlewing – of selfs herlewing – nie, maar om aan te sluit by die werk wat God reeds aan die doen is.

- *Dr Nelus Niemandt is professor in Godsdiens- en Sendingwetenskap by die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Pretoria.*